



# Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering

PROVINCE OF WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

## Provincial Gazette

## Provinsiale Koerant

7650

7650

Friday, 8 July 2016

Vrydag, 8 Julie 2016

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

### CONTENTS

### INHOUD

(\*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(\*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
<b>Provincial Notices</b>	
275 Cape Agulhas Municipality: Renumbering of Minor Road .....	978
276 City of Cape Town (Southern District): Removal of Restrictions .....	978
277 Cape Agulhas Municipality: Removal of Restrictions .....	979
278 Breede Valley Municipality: Rectification .....	979
279 Hessequa Municipality: Correction Notice .....	979
280 City of Cape Town (Table Bay District): Rectification.....	980
281 Cederberg Municipality: Rectification.....	980
282 George Municipality: Removal of Restrictions .....	980
283 Mossel Bay Municipality: Removal of Restrictions.....	979
<b>Tenders:</b>	
Notices.....	981
<b>Local Authorities</b>	
Cape Agulhas Municipality: Consent .....	985
Cape Agulhas Municipality: Removal, Rezoning and Consent .....	984
Cederberg Municipality: Appointment of Valuation Appeal Board Members .....	983
Cederberg Municipality: Subdivision, Departure and Removal of Restrictions .....	988
City of Cape Town (Helderberg District): Consent Use, Departure and Removal of Restrictions.....	993
City of Cape Town (Khayelitsha/Mitchell's Plain District): Closure .....	982
City of Cape Town (Northern District): Removal of Restrictions and Consent Use .....	989
City of Cape Town (Southern District): Removal of Restrictive Title Condition, Council's Consent and Departures .....	990
City of Cape Town (Table Bay District): Closure .....	986
City of Cape Town (Table Bay District): Closure.....	992
George Municipality: Removal of Restrictions and Departure .....	992
George Municipality: Subdivision and Consolidation .....	987
Laingsburg Municipality: Notice .....	984

Nr.	Bladsy
<b>Provinsiale Kennisgewings</b>	
275 Kaap Agulhas Munisipaliteit: Hernommer van Ondergeskikte Pad.....	978
276 Stad Kaapstad (Suidelike Distrik): Opheffing van Beperkings .....	978
277 Kaap Agulhas Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings....	979
278 Breedevallei Munisipaliteit: Regstellende Kennisgewing....	979
279 Hessequa Munisipaliteit: Regstellende Kennisgewing.....	979
280 Stad Kaapstad (Tafelbaai Distrik): Regstellende Kennisgewing .....	980
281 Cederberg Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings.....	980
282 George Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings.....	980
283 Mosselbaai Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	979
<b>Tenders:</b>	
Kennisgewings .....	981
<b>Plaaslike Owerhede</b>	
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Vergunning.....	985
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Opheffing, Hersonerings en Vergunning.....	984
Cederberg Munisipaliteit: Aanstelling van Waardasie-Appelraadslede .....	983
Cederberg Munisipaliteit: Onderverdeling, Afwyking en Opheffing van Beperkings .....	988
Stad Kaapstad (Helderberg-Distrik): Vergunningsgebruik, Afwykings en Opheffing van Beperkings .....	994
Stad Kaapstad (Khayelitsha-/Mitchell's Plain-Distrik): Sluiting.....	982
Stad Kaapstad (Noordelike Distrik): Opheffing van Beperkings en Vergunningsgebruik .....	989
Stad Kaapstad (Suidelike Distrik): Opheffing van Titellovoorwaarde, Raadsvergunning en Regulasieafwykings .....	991
Stad Kaapstad (Tafelbaai Distrik): Sluiting .....	986
Stad Kaapstad (Tafelbaai Distrik): Sluiting .....	992
George Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings en Afwyking.....	992
George Munisipaliteit: Onderverdeling en Konsolidasie .....	987
Laingsburg Munisipaliteit: Kennisgewing .....	984

(Continued on page 1004)

(Vervolg op bladsy 1004)

**PROVINCIAL NOTICE**

The following Provincial Notices are published for general information.

ADV. B. GERBER,  
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,  
Wale Street,  
Cape Town.

**PROVINSIALE KENNISGEWING**

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

ADV. B. GERBER,  
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,  
Waalstraat,  
Kaapstad.

**ISAZISO SEPHONDO**

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

ADV. B. GERBER,  
UMLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,  
Wale Street,  
eKapa.

P.N. 275/2016

8 July 2016

**CAPE AGULHAS MUNICIPALITY**

**RENUMBERING OF MINOR ROAD 4163 TO MINOR ROAD 4165**

The southern section of Minor Road 4163, as shown on plan Appendix A and marked A-B, is hereby renumbered and merged with the existing Minor Road 4165.

P.K. 275/2016

8 Julie 2016

**KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT**

**HERNOMMER VAN ONDERGESKIKTE PAD 4163 NA ONDERGESKIKTE PAD 4165**

Die suidelike seksie van Ondergeskikte Pad 4163 soos aangedui op plan Appendix A en gemerk A-B, word hiermee hernommer en saamgesmelt met die bestaande Ondergeskikte Pad 4165.



P.N. 276/2016

8 July 2016

**CITY OF CAPE TOWN (SOUTHERN DISTRICT)**

**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967 (ACT 84 OF 1967)**

I, André John Lombaard, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 810, Constantia, remove conditions 2.1.B.5; 2.C. 4.(a), (b) and (c); 2.E(i), (iii), (iv), (v); 2. II. A. contained in Deed of Transfer No. T. 54206 of 2004.

Conditions C.4. (a), (b) and (c) must be re-imposed in the two new Deeds of Transfer after the subdivision of Erf 810, Constantia into two (2) portions.

P.K. 276/2016

8 Julie 2016

**STAD KAAPSTAD (SUIDELIKE DISTRIK)**

**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967 (WET 84 VAN 1967)**

Ek, André John Lombaard, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruiksbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoortlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdthede, 1994 en op aansoek van die eienaar van Erf 810, Constantia, hef voorwaardes 2.1.B.5; 2.C. 4.(a), (b) en (c), 2.E(i), (iii), (iv), (v); 2. II. A. soos vervat in Transportakte Nr. T. 54206 van 2004, op.

Voorwaardes C.4.(a), (b) en (c) moet heropgelê word in die twee nuwe Transportaktes na die onderverdeling van Erf 810, Constantia in twee (2) gedeeltes.

P.N. 277/2016

8 July 2016

**CAPE AGULHAS MUNICIPALITY****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owners of Erven 136, 137, 138 and 513 Arniston, removes condition D. 13. (b) as contained in Deed of Transfer No's. T. 46669 of 1990, T. 46727 of 1990, T. 46308 of 1990 and condition C. (a) T. 46668 of 1990.

P.N. 278/2016

8 July 2016

**BREED VALLEY MUNICIPALITY****RECTIFICATION NOTICE****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

I, Jeremy Benjamin, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 194, De Doorns, removes condition 2.B.B.4. contained in Deed of Transfer No. T. 52399 of 2013.

P.N. 93/2016, dated 1 April 2016, is hereby cancelled.

P.N. 279/2016

8 July 2016

**HESSEQUA MUNICIPALITY****CORRECTION NOTICE****THE GENERAL NOTICE PUBLISHED IN THE  
PROVINCIAL GAZETTE 7594, DATED 8 APRIL 2016,  
IS HEREBY CORRECTED AND SHOULD READ:****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

I, Bulelwa Nkwatani, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs & Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 1011, Still Bay West, remove conditions 2.C.1.13(a), 2.C.1.13(b) and 2.C.1.13(d) as contained in Deed of Transfer No. T. 43196 of 2002.

P.N. 283/2016

8 July 2016

**MOSEL BAY MUNICIPALITY****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 1009, Hartenbos, removes condition B.(iii) (b) as contained in Deed of Transfer No. T. 85983 of 1996.

P.K. 277/2016

8 Julie 2016

**KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperrings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaars van Erwe 136, 137, 138 en 513 Arniston, hef voorwaarde D. 13. (b) vervat in Transportakte Nr's. T. 46669 van 1990, T. 46727 van 1990, T. 46308 van 1990 en voorwaarde C. (a) T. 46668 van 1990, op.

P.K. 278/2016

8 Julie 2016

**BREED VALLEI MUNISIPALITEIT****REGSTELLE ENDE KENNISGEWING****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, Jeremy Benjamin, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruiksbestuur Reguleerder in die Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperrings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdheids, 1994, en op aansoek van die eenaar van Erf 194, De Doorns, hef voorwaarde 2.B.B.4. vervat in Transportakte Nr. T. 52399 van 2013, op.

P.K. 93/2016, gedateer 1 April 2016, word hiermee gekanselleer.

P.K. 279/2016

8 Julie 2016

**HESSEQUA MUNISIPALITEIT****REGSTELLE ENDE KENNISGEWING****DIE ALGEMENE KENNISGEWING GEPUBLISEER IN DIE  
PROVINSIALE KOERANT 7594, GEDATEER 8 APRIL 2016,  
WORD HIERMEE GEKORRIGEER EN MOET LEES:****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, Bulelwa Nkwatani, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruiksbestuur Reguleerder in die Departement Omgewingsake en Ontwikkelings Beplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperrings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdheids, 1994, en op aansoek van die eenaar van Erf 1011, Stilbaai Wes, hef voorwaarde 2.C.1.13(a), 2.C.1.13(b) en 2.C.1.13(d) soos vervat in Transportakte Nr. T. 43196 van 2002 op.

P.K. 283/2016

8 Julie 2016

**MOSELBAAI MUNISIPALITEIT****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperrings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eenaar van Erf 1009, Hartenbos, voorwaarde B.(iii) (b) soos vervat in Transportakte Nr. T. 85983 van 1996, ophef.

P.N. 280/2016

8 July 2016

**CITY OF CAPE TOWN (TABLE BAY DISTRICT)****RECTIFICATION****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

I, Andre John Lombaard, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 99, Bantry Bay, amend conditions B.1., B.2. and B.3. as contained in Deed of Transfer No. T. 58801 of 2005 to read as follows:

**Condition B.1.** "That no more than the main dwelling and a second dwelling shall be built on Erf 99, Bantry Bay."

**Condition B.2.** "That no dwelling house together with a second dwelling to be built shall be inconsistent with the environments."

**Condition B.3.** "That such house and second dwelling be used only as dwelling houses."

Provincial Notice P.N. 260/2016 of 1 July 2016 is hereby cancelled.

P.N. 281/2016

8 July 2016

**CEDERBERG MUNICIPALITY****RECTIFICATION****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

I, Andre Lombaard, in my capacity as Chief Land Use Management Regulator in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owners of Remainder Erf 1894, Citrusdal, remove conditions (ii) B. (i), (ii) B. (iii), (ii) B. (iv), (iii) A. (f) (v) and amend (iii) A. (f) (ii) contained in Deed of Transfer No. T. 11389 of 2007 to read as follows:

Condition (ii) A. (f) (ii) "Dit mag vir winkel-, drankwinkel en kantoordoeleindes of vir die oprigting van 'n garage gebruik word, met dien verstande dat daar bokant die grondvloer voorsiening vir bewoningsdoeleindes vir hoogstens een familie gemaak mag word."

Provincial Notice P.N. 258/2016 of 1 July 2016 is hereby cancelled.

P.N. 282/2016

8 July 2016

**GEORGE MUNICIPALITY****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 633, Wilderness, removes conditions C.4.(d) and C.4.(e) as contained in Deed of Transfer No. T. 969 of 2006.

P.K. 280/2016

8 Julie 2016

**STAD KAAPSTAD (TAFELBAAI DISTRIK)****REGSTELLING****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, Andre John Lombaard, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoortlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 99, Bantrybaai, wysig voorwaardes B.1., B.2. en B.3. soos vervat in Transportakte Nr. T. 58801 van 2005 om soos volg te lees:

**Voorwaarde B.1.** "That no more than the main dwelling and a second dwelling shall be built on Erf 99, Bantry Bay."

**Voorwaarde B.2.** "That no dwelling house together with a second dwelling to be built shall be inconsistent with the environments."

**Voorwaarde B.3.** "That such house and second dwelling be used only as dwelling houses."

Provinsiale Kennisgewing P.K. 260/2016 van 1 July 2016 word hiermee gekanselleer

P.K. 281/2016

8 Julie 2016

**CEDERBERG MUNISIPALITEIT****REGSTELLING****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Ek, Andre Lombaard, in my hoedanigheid as Hoof Grondgebruikbestuur Reguleerder in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoortlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaars van Restant Erf 1894, Citrusdal, hef voorwaardes (ii) B. (i), (ii) B. (iii), (ii) B. (iv), (iii) A. (f) (v) op en wysig voorwaarde (iii) A. (f) (ii) soos vervat in Transportakte Nr. T. 11389 van 2007 om soos volg te lees:

Voorwaarde (ii) A. (f) (ii) "Dit mag vir winkel-, drankwinkel en kantoordoeleindes of vir die oprigting van 'n garage gebruik word, met dien verstande dat daar bokant die grondvloer voorsiening vir bewoningsdoeleindes vir hoogstens een familie gemaak mag word."

Provinsiale Kennisgewing P.K. 258/2016 van 1 July 2016 word hiermee gekanselleer

P.K. 282/2016

8 Julie 2016

**GEORGE MUNISIPALITEIT****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoortlik as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 633, Wilderness, voorwaardes C.4.(d) en C.4.(e) soos vervat in Transportakte Nr. T. 969 van 2006, ophef.

**TENDERS**

**N.B.** Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

**NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**

## SWARTLAND MUNICIPALITY

**NOTICE 157/2015/2016****PROPOSED CLOSURE, SUBDIVISION,  
REZONING AND DEPARTURE ON ERF 783, DARLING**

*Applicant:* CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4821845

*Owner:* Swartland Municipality, Private Bag X52, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4879400

*Reference number:* 15/3/3-3/Erf\_783 & 15/3/6-3/Erf\_783, 15/3/7-3/  
Erf\_783 & 15/3/4-3/Erf\_783

*Property Description:* Erf 783, Darling

*Physical Address:* Somerset Circle, Darling

*Detailed description of proposal:* An application has been received for the closure of a portion ( $\pm 3303\text{m}^2$ ) of a public open space on Erf 783, Darling in terms of section 15(2)(n) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7420 of 3 July 2015).

Application is also made for the subdivision of Erf 783 into a remainder ( $\pm 2456\text{m}^2$ ) and Portion A ( $\pm 3303\text{m}^2$ ), Darling in terms of section 15(2)(d) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7420 of 3 July 2015).

Further application is made for the rezoning of portion A ( $\pm 3303\text{m}^2$ ) from open space zone 1 to community zone 3, in terms of section 15(2)(a) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7420 of 3 July 2015).

Application is also made for a departure in order to depart from the 10m street building line to  $\pm 5\text{m}$  as well as the 5m side building lines to  $\pm 4,2\text{m}$  (eastern boundary) and  $\pm 4,1\text{m}$  (western boundary) respectively in order to accommodate the existing buildings according to the new zoning in terms of section 15(2)(b) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7420 of 3 July 2015).

The purpose of the application is to establish the correct land use rights for the Darling Focus Community Centre.

Notice is hereby given in terms of section 45(2) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/ Fax - 022-487 9440 /e-mail - swartlandmun@swartland.org.za on or before **8 August 2016 at 17:00**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

**TENDERS**

**L.W.** Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

**KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**

## SWARTLAND MUNISIPALITEIT

**KENNISGEWING 157/2015/2016****VOORGESTELDE SLUITING, ONDERVERDELING,  
HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 783, DARLING**

*Aansoeker:* CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4821845

*Eienaar:* Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4879400

*Verwysingsnommer:* 15/3/3-3/Erf\_783 & 15/3/6-3/Erf\_783, 15/3/7-3/  
Erf\_783 & 15/3/4-3/Erf\_783

*Eiendomsbeskrywing:* Erf 783, Darling

*Fisiese Adres:* Somersetsirkel, Darling

*Volledige beskrywing van aansoek:* 'n Aansoek vir die sluiting van 'n gedeelte ( $\pm 3303\text{m}^2$ ) van 'n publieke oopruimte te Erf 783, Darling, is ontvang, ingevolge Artikel 15(2)(n) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015).

Aansoek word ook gedoen vir die onderverdeling van Erf 783 in 'n restant ( $\pm 2456\text{m}^2$ ) en gedeelte A ( $\pm 3303\text{m}^2$ ), ingevolge Artikel 15(2)(d) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015).

Verder word aansoek gedoen vir die hersonering van gedeelte A ( $\pm 3303\text{m}^2$ ) vanaf oopruimte sone 1 na gemeenskapsone 3, ingevolge Artikel 15(2)(a) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015).

Aansoek word ook gedoen vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 10m straatboulyn na  $\pm 5\text{m}$ , asook die 5m syboulyne na  $\pm 4,2\text{m}$  (oostelike grens) en  $\pm 4,1\text{m}$  (westelike grens) onderskeidelik, ten einde die bestaande geboue te akkommodeer volgens die nuwe sonering, ingevolge Artikel 15(2)(b) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015).

Hierdie aansoek het ten doel om die korrekte grondgebruiksregte te skep vir die Darling Fokus gemeenskapsentrum.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 45(2) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 50 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks - 022-487 9440/e-pos - swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **8 Augustus 2016 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede, u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar aandui. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

JJ SCHOLTZ, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X52, MALMESBURY, 7299

## SWARTLAND MUNICIPALITY

## NOTICE 158/2015/2016

**PROPOSED CLOSURE, SUBDIVISION  
AND REZONING OF ERF 5350, MALMESBURY**

*Applicant:* CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4821845

*Owner:* Swartland Municipality, Private Bag X52, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4879400

*Reference number:* 15/3/3-8/Erf\_5350 and 15/3/6-8/Erf\_5350 & 15/3/7-8/Erf\_5350

*Property Description:* Erf 5350, Malmesbury

*Physical Address:* Southern part of West Bank, between Alfa Street and the N7

*Detailed description of proposal:* An application has been received for the closure of a portion ( $\pm 8884\text{m}^2$ ) of a public open space on Erf 5350, Malmesbury in terms of section 15(2)(n) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7420 of 3 July 2015).

Application is also made for the subdivision of Erf 5350 into a remainder ( $\pm 387\text{m}^2$ ) and Portion A ( $\pm 8884\text{m}^2$ ), Darling in terms of section 15(2)(d) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7420 of 3 July 2015).

Further application is made for the rezoning of portion A ( $\pm 8884\text{m}^2$ ) from open space zone 1 to transport zone 2, in terms of section 15(2)(a) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7420 of 3 July 2015).

The purpose of the application is to establish the correct land use rights for a subway (under the N7) which will connect Alfa Street and Nywerheid Crescent.

Notice is hereby given in terms of section 45(2) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/ Fax - 022-487 9440 /e-mail - swartlandmun@swartland.org.za on or before **8 August 2016 at 17:00**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

8 July 2016

61513

CITY OF CAPE TOWN (KHAYELITSHA/MITCHELL'S PLAIN  
DISTRICT)

**CLOSING**

- **Skua street adjoining Erven 12250 en 12252 Mitchell's Plain**

Notice is hereby given, in terms of section 4 of the City of Cape Town Immovable Property By-law 2015, that the City of Cape Town has closed Skua Street adjoining Erven 12250 and 12252 Mitchell's Plain.

Such closure is effective from the date of publication of this notice. (S.G. Ref No.: S/22/39/37 v1 p.64)

ACHMAT EBRAHIM, CITY MANAGER

8 July 2016

61530

## SWARTLAND MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING 158/2015/2016

**VOORGESTELDE SLUITING, ONDERVERDELING EN  
HERSONERING OP ERF 5350, MALMESBURY**

*Aansoeker:* CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4821845

*Eienaar:* Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4879400

*Verwysingsnommer:* 15/3/3-8/Erf\_5350 en 15/3/6-8Erf\_5350 & 15/3/7-8/Erf\_5350

*Eiendomsbeskrywing:* Erf 5350, Malmesbury

*Fisiese Adres:* Suidelike deel van Wesbank, tussen Alfastraat en die N7

*Volledige beskrywing van aansoek:* 'n Aansoek vir die sluiting van 'n gedeelte ( $\pm 8884\text{m}^2$ ) van 'n publieke oopruimte te Erf 5350, Malmesbury, is ontvang, ingevolge Artikel 15(2)(n) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015).

Aansoek word ook gedoen vir die onderverdeling van Erf 5350 in 'n restant ( $\pm 387\text{m}^2$ ) en gedeelte A ( $\pm 8884\text{m}^2$ ), ingevolge Artikel 15(2)(d) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015).

Verder word aansoek gedoen vir die hersonering van gedeelte A ( $\pm 8884\text{m}^2$ ) vanaf oopruimte sone 1 na vervoersone 2, ingevolge Artikel 15(2)(a) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015).

Hierdie aansoek het ten doel om die korrekte grondgebruiksregte te skep vir 'n duikweg (onder die N7) wat Alfastraat en Nywerheidsingel sal verbind.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 45(2) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 50 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks - 022-487 9440/e-pos - swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **8 Augustus 2016 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede, u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar aandui. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

JJ SCHOLTZ, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X52, MALMESBURY, 7299

8 Julie 2016

61513

STAD KAAPSTAD (KHAYELITSHA-/MITCHELL'S PLAIN-  
DISTRIK)

**SLUITING**

- **Skustraat aangrensend aan Erf 12250 en 12252 Mitchells Plain**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 4 van die Stad Kaapstad se Verordening op Onroerende Eiendom, 2015, dat die Stad Kaapstad Skustraat aangrensend aan Erf 12250 en 1252 Mitchells Plain gesluit het.

Hierdie sluiting tree op die publikasiedatum van hierdie kennisgewing in werking. (S.G. verw. no.: S/22/39/37 v1 p.64)

ACHMAT EBRAHIM, STADSBESTUURDER

8 Julie 2016

61530

## SWARTLAND MUNICIPALITY

## NOTICE 159/2015/2016

PROPOSED CONSENT USE ON ERF 222,  
CHATSWORTH

*Applicant:* C K Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4821845

*Owner:* RJ Braaf, 212 Fifth Avenue, Chatsworth, 7354.  
Tel nr. 0718023271

*Reference number:* 15/3/10-2/Erf\_222

*Property Description:* Erf 222, Chatsworth

*Physical Address:* C/o Hopefield Road and Fifth Avenue, Chatsworth

*Detailed description of proposal:* An application has been received for a consent use on Erf 222, Chatsworth ( $\pm 74\text{m}^2$  in extent) for a liquor store in terms of section 15(2)(o) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7420 of 3 July 2015).

Notice is hereby given in terms of section 45(2) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/ Fax - 022-487 9440 /e-mail - swartlandmun@swartland.org.za on or before **8 August 2016 at 17:00**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

8 July 2016

61514

## CEDERBERG MUNICIPALITY

APPOINTMENT OF  
VALUATION APPEAL BOARD MEMBERS

In terms of Section 58 of the Municipal Property Rates Act, 2004 (Act 6 of 2004) notice is hereby given for the appointment of Valuation Appeal Board members for the area of jurisdiction of Cederberg Municipality.

The members appointed for the Valuation Appeal Board, are as follows:

Chairperson: Mr CJ van Zyl;  
Member/Valuer: Mr DG Cillie;  
Member: Mr C de Jongh;  
Member: Mr G Adams; and  
Member: Mr N Clough.

Dated at Cape Town this 4th day of July 2016



**MR AW BREDELL**  
MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT, ENVIRONMENTAL  
AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING

8 July 2016

61517

## SWARTLAND MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING 159/2015/2016

VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 222,  
CHATSWORTH

*Aansoeker:* CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.  
Tel no. 022-4821845

*Eienaar:* RJ Braaf, Vyfdelaan 212, Chatsworth, 7354.  
Tel no. 0718023271

*Verwysingsnommer:* 15/3/10-2/Erf\_222

*Eiendomsbeskrywing:* Erf 222, Chatsworth

*Fisiese Adres:* H/v Hopefieldweg en Vyfdelaan, Chatsworth

*Volledige beskrywing van aansoek:* 'n Aansoek vir vergunningsgebruik vir 'n drankwinkel op Erf 222 (groot  $\pm 74\text{m}^2$ ), Chatsworth, is ontvang, ingevolge artikel 15(2)(o) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015).

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 45(2) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 50 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks - 022-487 9440/e-pos - swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **8 Augustus 2016 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede, u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar aandui. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

JJ SCHOLTZ, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X52, MALMESBURY, 7299

8 Julie 2016

61514

## CEDERBERG MUNISIPALITEIT

AANSTELLING VAN  
WAARDASIE-APPELRAADSLEDE

Kennis word gegee kragtens Artikel 58 van die Munisipale Eiendomsbelastingwet, (Wet no. 6 of 2004) vir die aanstelling van Waardasie-Appelraadslede vir die regsgebied van Cederberg Munisipaliteit.

Die lede wat aangestel is vir die Waardasie Appèlraad is soos volg:  
Voorsitter

Lid/Waardeerder: Mnr CJ van Zyl;  
Lid: Mnr DG Cillie;  
Lid: Mnr C de Jongh;  
Lid: Mnr G Adams; en  
Lid: Mnr N Clough.

Gedateer te Kaapstad op hierdie 4de dag van Julie 2016



**MNR AW BREDELL**  
MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGS-  
EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

8 Julie 2016

61517

## LAINGSBURG MUNICIPALITY

## NOTICE 53/2016

## PROMULGATION OF PROPERTY TAX RATES FOR THE 2016/2017 FINANCIAL YEAR

Notice is given in terms of Section 14(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act (No. 6 of 2004) that the following property rates were approved by the Laingsburg Municipal Council at a Council Meeting held on Wednesday 26 May 2016:

1. That a standard property tax rate of 0,925c/R be determined excluding State Owned.
2. That the property tax rates for Agriculture Use be determined at 0,925c/R.
3. That the property tax rates for State Owned use be determined at 1,849c/R.

Rebates on the above mentioned rates can be applied for and will be granted under certain conditions.

PA WILLIAMS, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X4, LAINGSBURG, Tel.: (023) 5511019

8 July 2016

61516

## CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

## NOTICE: APPLICATION FOR REMOVAL, REZONING AND CONSENT

Notice is hereby given that the Municipality received the following application for consideration:

*Owner:* Steven R and Rahelah D Parry

*Applicant:* Town and Country Creative Land Solutions Property

*Erf:* 109 Struisbaai

*Locality:* 49 Protea Road, Struisbaai

*Existing zoning:* Single Residential

*Proposal:* Rezoning of Erf 109 Struisbaai in terms of Section 15(2) of Cape Agulhas: Standard By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015 for Local Business (Restaurant) purposes.

Special consent on Erf 109 Struisbaai in terms of Section 15(2) of the Cape Agulhas: Standard By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015 for guest accommodation.

Removal of Restrictive conditions on Erf 109 Struisbaai in terms of Section 15(2) of the Cape Agulhas: Standard By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015 to allow for restaurant and guest accommodation.

Details of the application can be obtained from Mr Abraham Theron during office hours.

Motivated objections and/or comments in terms of Section 50 of the said legislation with regards to the application must reach the Municipality in writing on or before **Monday, 8 August 2016**. Please note that any comments received after the closing date will not be taken into account.

Any person who cannot write are invited to visit under-mentioned office of the Municipality where Mr Theron will assist such person to transcribe his/her objections and/or comments.

This notice is also available in isiXhosa on request. Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe.

Notice no.: S109/2016

DGI O'NEILL, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, PO Box 51, BREDASDORP, 7280. Tel: (028) 425 5500, Fax: (028) 425 1019

8 July 2016

61520

## LAINGSBURG MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING 53/2016

## AFKONDIGING VAN EIENDOMSBELASTINGKOERS VIR DIE 2016/2017 FINANSIËLE JAAR

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge Artikel 14(2) van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting (Wet 6 van 2004) dat die Laingsburg Munisipale Raad tydens 'n Raadsvergadering gehou op Woensdag 26 Mei 2016 die volgende Eiendomsbelastingkoerse goedgekeur het:

1. Dat 'n standaard belastingkoers van 0,925c/R vasgestel word met die uitsluiting van Staatseiendom gebruik eiendomme.
2. Dat die belastingkoers vir Landbougebruik eiendom vasgestel word op 0,925c/R.
3. Dat die belastingkoers vir Staatseiendom gebruik vasgestel word op 1,849c/R.

Kortings, waarvoor aansoek gedoen kan word, word onder voorgeskrewe omstandighede op bogenoemde koerse toegestaan.

PA WILLIAMS, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Privaatsak X4, LAINGSBURG, Tel.: (023) 5511019

8 Julie 2016

61516

## KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING: AANSOEK OM OPHEFFING, HERSONERING EN VERGUNNING

Kennis geskied hiermee dat die Munisipaliteit die volgende aansoek vir oorweging ontvang het:

*Eienaar:* Steven R en Rahelah D Parry

*Aansoeker:* Town and Country Creative Land Solutions

*Eiendom:* Erf 109 Struisbaai

*Ligging:* Proteaweg 49, Struisbaai

*Huidige sonering:* Enkel Woonson

*Voorstel:* Hersonerings van Erf 109 Struisbaai in terme van Artikel 15(2) van Kaap Agulhas: Standaard Verordeninge op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015 vir Plaaslike Sake (Restaurant) doeleindes.

Vergunning in terme van Artikel 15(2) van die Kaap Agulhas: Standaard Verordeninge op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015 op Erf 109 Struisbaai vir Gaste akkommodasie doeleindes.

Opheffing van beperkende voorwaardes in terme van Artikel 15(2) van die Kaap Agulhas: Standaard Verordeninge op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015 op Erf 109 Struisbaai ten einde die voorgestelde restaurant en gaste akkommodasie toe te laat.

Besonderhede van die aansoek is gedurende kantoor ure by Mnr Abraham Theron ter insae.

Skriftelik gemotiveerde kommentaar en/of besware ten opsigte van die voorstel ingevolge Artikel 50 van bogenoemde wetgewing moet voor of op **Maandag, 8 Augustus 2016** by die Munisipaliteit ingedien word. Neem asb kennis dat enige kommentaar ontvang na die sluitingsdatum nie in ag geneem gaan word nie.

Enige persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende die kantoor ure van die Munisipaliteit na ondergemelde kantoor kom waar Mnr Theron sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of besware af te skryf.

Hierdie kennisgewing is ook in isiXhosa beskikbaar op aanvraag. Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe.

Kennisgewing nr: S109/2016

DGI O'NEILL, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Posbus 51, BREDASDORP, 7280. Tel: (028) 425 5500, Faks: (028) 425 1019

8 Julie 2016

61520



## CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

**NOTICE: APPLICATION FOR SPECIAL CONSENT**

Notice is hereby given that the Municipality received the following application for consideration:

*Owner:* Lorna Young

*Applicant:* Lorna Young

*Property:* Erf 341 Napier

*Locality:* 2 Wouter Street, Napier

*Existing zoning:* Single Residential

*Proposal:* Special consent on Erf 341 Napier in terms of Section 15(2) of the Cape Agulhas: Standard By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015 for Guest Accommodation.

Details of the application can be obtained from Mr Donald October during office hours.

Motivated objections and/or comments in terms of Section 50 of the said legislation with regards to the application must reach the Municipality in writing on or before **Monday, 8 August 2016**. Please note that any comments received after the closing date will not be taken into account.

Any person who cannot write are invited to visit under-mentioned office of the Municipality where Mr October will assist such person to transcribe his/her objections and/or comments.

This notice is also available in isiXhosa on request.  
Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe.

Notice no.: N341/2016

DLG O'NEILL, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices,  
PO Box 51, BREDASDORP, 7280. Tel: (028) 425 5500,  
Fax: (028) 425 1019

8 July 2016

61519

## LANGEBERG MUNICIPALITY

**MN NO. 52/2016****PROPOSED REZONING, CONSOLIDATION AND DEPARTURE OF REMAINDER ERF 51 AND ERF 599, CNR OF VOORTREKKER AND BREE STREET, MCGREGOR**

*Applicant:* TPS Land Use Planners

*Properties:* Remainder Erf 51 and Erf 599, McGregor

*Location:* Cnr Voortrekker and Bree Street, McGregor

*Owners:* M Prins

*Proposal:* Consolidation of Remainder Erf 51 and Erf 599, Rezoning from Residential Zone I to Residential zone V and Departure to relax building lines.

*Existing zoning:* Residential Zone I

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Langeberg Land Use Planning Bylaw (PN264/2015) that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 08:30 and 15:00 at the local municipal offices and the Town Planning Department at 3 Piet Retief Street, Montagu. Any written comments/objections may be addressed in terms of Section 50 of the said legislation to The Manager: Town Planning, 3 Piet Retief Street, Montagu, 6720 on or before 30 days from the date of publication of this notice, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to Jack van Zyl at 023 614 8000. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments.

